G 68 G
S. 559

GOVT PUB
10 MAY 1997
LIBRARIES

# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 382 — CAPE TOWN, 25 APRIL 1997 / KAAPSTAD, 25 APRIL 1997 — No. 17962

PRESIDENT'S OFFICE

No. 641. 25 April 1997

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 13 of 1997: Development Bank of Southern Africa Act, 1997.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 641. 25 April 1997

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 13 van 1997: Wet op die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, 1997.

# ACT

**To provide for the continued existence, and reconstitution of the juristic person known as the Development Bank of Southern Africa as a development finance institution with the primary purpose to promote economic development and growth, human resource development and institutional capacity building by mobilising financial and other resources from the national or international private and public sectors for sustainable development projects and programmes; and to provide for matters connected therewith.**

## PREAMBLE

**The Development Bank of Southern Africa was established in 1983 to perform an economic development function within the constitutional dispensation which then obtained. The transformation of the constitutional and economic dispensation of South Africa by virtue of the Constitution of the Republic of South Africa, 1993 (Act No. 200 of 1993), and otherwise, necessitated the transformation of the role and function of the Development Bank of Southern Africa in order to promote economic development and growth in the Southern African region within an integrated financial development system which has as its aim the efficient deployment of scarce resources. On account of the aforesaid reasons it has now become desirable to reconstitute the Development Bank of Southern Africa in order to promote, facilitate and by funding to mobilise the socio-economic development in Southern Africa, while efficiency, fairness, transparency and responsibility are promoted at the same time.**

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 23 April 1997.)*

BE IT THEREFORE ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Interpretation**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "Bank" means the Development Bank of Southern Africa Limited, reconstituted and incorporated as provided for by section 2; (ii)

(ii) "board" means the board of directors of the Bank mentioned in section 7; (viii)

(iii) "DBSA (1983)" means the Development Bank of Southern Africa, which was established in 1983 by treaty; (vii)

(iv) "effective date" means the date on which this Act comes into operation; (iii)

(v) "institutional shareholders" means the holders of shares in the Bank, excluding the Government of the Republic and any individual, but including national, international or multilateral institutions; (v)

(vi) "Minister" means the Minister of Finance or the Minister who for the time being acts in his or her stead; (vi)

(vii) "region" means the national territory of the Republic of South Africa and the national territories of the countries determined by regulation; (x)

(viii) "regulation" means any regulation made in terms of section 17; (ix)

(ix) "shares" means the shares referred to in section 13; (i)

(x) "this Act" includes the regulations. (iv)

# WET

**Om voorsiening te maak vir die voortgesette bestaan, en die hersamestelling van die regspersoon bekend as die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika as 'n finansiële ontwikkelingsinstelling met die primêre doelstelling om ekonomiese ontwikkeling en groei, menslike hulpbronontwikkeling en institusionele kapasiteitbou te bevorder, deur finansiële en ander hulpbronne uit die nasionale en internasionale private en openbare sektore vir deurlopende ontwikkelingsprojekte en -programme te mobiliseer; en om vir aangeleenthede voorsiening te maak wat daarmee in verband staan.**

## AANHEF

**Die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika is in 1983 ingestel ten einde 'n ekonomiese ontwikkelingsfunksie binne die staatkundige opset wat toe bestaan het, te verrig. Die transformasie van die staatkundige en ekonomiese bestel van Suid-Afrika uit hoofde van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), en andersins, het die omvorming van die rol en funksie van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika nodig gemaak ten einde ekonomiese ontwikkeling en groei in die Suider-Afrikaanse streek binne 'n geïntegreerde finansiële ontwikkelingstelsel wat die doeltreffende ontplooiing van skaars hulpbronne ten doel het, nodig gemaak. Weens bogenoemde oorwegings het dit nou wenslik geword dat die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika hersaamgestel word ten einde die sosio-ekonomiese ontwikkeling in Suider-Afrika te bevorder, te fasiliteer en deur befondsing te mobiliseer terwyl doeltreffendheid, billikheid, deursigtigheid en verantwoordelikheid terselfdertyd bevorder word.**

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 23 April 1997.)*

DAAR WORD DERHALWE deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg bepaal:—

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "aandele" die aandele in artikel 13 vermeld; (ix)

(ii) "Bank" die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika Beperk, hersaamgestel en ingelyf soos deur artikel 2 bepaal; (i)

(iii) "effektiewe datum" die datum waarop hierdie Wet in werking tree; (iv)

(iv) "hierdie Wet" ook die regulasies; (x)

(v) "institusionele aandeelhouers" die houers van aandele in die Bank, uitgesonderd die Regering van die Republiek en enige individu, maar met inbegrip van nasionale, internasionale of multilaterale instellings; (v)

(vi) "Minister" die Minister van Finansies of die Minister wat tydelik in sy of haar plek waarneem; (vi)

(vii) "OBSA (1983)" die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika wat in 1983 by verdrag ingestel is; (iii)

(viii) "raad" die raad van direkteure van die Bank in artikel 7 vermeld; (ii)

(ix) "regulasie" n regulasie ingevolge artikel 17 uitgevaardig; (viii)

(x) "streek" die nasionale gebied van die Republiek van Suid-Afrika en die nasionale gebiede van die lande by regulasie bepaal. (vii)

**Continued existence as juristic person of Development Bank of Southern Africa Limited**

**2.** (1) The institution which immediately before the effective date existed as DBSA (1983) shall continue to exist as a juristic person by the name the "Development Bank of Southern Africa Limited", and shall have the powers, functions and duties provided for in this Act, which shall be exercised, performed and carried out by the Bank subject to the provisions of this Act.

(2) The Registrar of Companies shall enter the náme of the Bank in the register kept in terms of the Companies Act, 1973, and shall issue to the Bank a certificate to that effect.

**Objects of Bank**

**3.** (1) The main objects of the Bank shall be the promotion of economic development and growth, human resources development, institutional capacity building, and the support of development projects and programmes in the region by—

*(a)* mobilising financial and other resources from the private and public sectors, national or international, on a wholesale basis, as determined in the regulations;

*(b)* appraising, planning and monitoring the implementation of development projects and programmes;

*(c)* facilitating the participation of the private sector and community organisations in development projects and programmes;

*(d)* providing technical assistance, particularly in respect of human resource development and training with regard to the identification, preparation, evaluation, financing, implementation and management of development projects and programmes;

*(e)* funding or mobilising wholesale funding, as determined in the regulations, for initiatives to minimise or mitigate the environmental impact of development projects or programmes.

(2) Ancillary objects of the Bank shall be—

*(a)* to assist other international, national, regional and provincial initiatives in order to achieve an integrated finance system for development; and

*(b)* to assist other institutions in the national or international public and private sectors with the management of specific funds,

in order that the developmental requirements of the region may be met.

**Powers of Bank**

**4.** For the purpose of attaining its objects, the Bank shall have the power—

*(a)* to appraise, approve or mobilise wholesale funding, as determined in the regulations, for, and to monitor the implementation of, development projects and programmes;

*(b)* to lend or advance money to any person or private or public body engaged in or proposing to engage in development projects and programmes in the region; to acquire an interest in it or to provide capital for it, or by underwriting or otherwise, to assist in the acquisition of capital for it;

*(c)* to hold, manage, develop, let, hire, buy, subscribe to, or otherwise acquire, or to sell or otherwise dispose of, hypothecate or otherwise deal in immovable or movable property, including stocks, shares, bonds, debentures and securities of, or any other interest in, any company, and if necessary to act as trustee for debenture holders;

*(d)* to make, draw, accept or endorse negotiable instruments;

*(e)* to guarantee any undertaking given in relation to the financing of any person, private or public body, or the performance of any contract by any person, private or public body, or to indemnify any person, public or private body in

**Voortsetting van bestaan as regspersoon van Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika Beperk**

**2.** (1) Die instelling wat onmiddellik voor die effektiewe datum as OBSA (1983) bestaan het, gaan voort om as 'n regspersoon te bestaan onder die naam die "Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika Beperk", en het die bevoegdhede, werksaamhede en pligte waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word, wat deur die Bank uitgeoefen, verrig of uitgevoer moet word onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet.

(2) Die Registrateur van Maatskappye moet die naam van die Bank in die register wat ingevolge die Maatskappywet, 1973, gehou word, inskryf en moet aan die Bank 'n sertifikaat met daardie strekking uitreik.

**Oogmerke van Bank**

**3.** (1) Die hoofoogmerke van die Bank is die bevordering van ekonomiese ontwikkeling en groei, menslike hulpbronontwikkeling, die bou van institusionele kapasiteit, en die ondersteuning van ontwikkelingsprojekte en -programme in die streek deur—

*(a)* finansiële en ander hulpbronne uit die private en openbare sektore, nasionaal of internasionaal, op 'n grootskaalse grondslag, soos in die regulasies bepaal, te mobiliseer;

*(b)* die implementering van ontwikkelingsprojekte en -programme te evalueer, beplan en monitor;

*(c)* die deelname van die privaatsektor en gemeenskapsorganisasies aan ontwikkelingsprojekte en -programme te fasiliteer;

*(d)* tegniese bystand, in die besonder ten opsigte van menslike hulpbronontwikkeling en opleiding betreffende die identifisering, voorbereiding, evaluering, finansiering, implementering en bestuur van ontwikkelingsprojekte en -programme, te verleen;

*(e)* inisiatiewe om die omgewingsimpak van ontwikkelingsprojekte of -programme te minimaliseer of te versag, te befonds of grootskaalse fondse, soos in die regulasies bepaal, daarvoor te mobiliseer.

(2) Bykomstige oogmerke van die Bank is—

*(a)* om ander internasionale, nasionale, streeks- en provinsiale inisiatiewe te ondersteun ten einde 'n geïntegreerde finansiële ontwikkelingstelsel te bewerkstellig; en

*(b)* om ander instellings in die nasionale of internasionale openbare en privaatsektore te ondersteun by die bestuur van besondere fondse,

met die oogmerk om aan die ontwikkelingsvereistes van die streek te voldoen.

**Bevoegdhede van Bank**

**4.** Ten einde sy oogmerke te bereik, is die Bank bevoeg—

*(a)* om ontwikkelingsprojekte en -programme te evalueer of goed te keur of om grootskaalse befondsing, soos in die regulasies bepaal, daarvoor te mobiliseer en om die implementering daarvan te monitor;

*(b)* om geld te leen of voor te skiet aan enige persoon of private of openbare liggaam wat betrokke is of wat voornemens is om betrokke te raak by ontwikkelingsprojekte en -programme in die streek; om 'n belang daarin te verkry of om kapitaal daarvoor te voorsien, of om deur onderskrywing of andersins hulp te verleen by die verkryging van kapitaal daarvoor;

*(c)* om roerende of onroerende goed, met inbegrip van effekte, aandele, verbande, skuldbriewe en sekuriteite van, of 'n ander belang in 'n maatskappy, te besit, bestuur, ontwikkel, verhuur, huur of koop, daarop in te skryf, of dit andersins te verkry of te verkoop of andersins te vervreem, met verband te beswaar of handel daarin te dryf, en om, indien nodig, as trustee vir skuldbriefhouers op te tree;

*(d)* om verhandelbare stukke uit te reik, te trek, te aksepteer of te endosseer;

*(e)* om enige onderneming gegee met betrekking tot die finansiering van enige persoon, private of openbare liggaam, of die nakoming van enige kontrak deur enige persoon, private of openbare liggaam te waarborg, of om enige persoon, private of openbare liggaam skadeloos te stel ten opsigte van die

respect of the costs attaching to legal proceedings or in respect of any loss or damage, arising from—
(i) the financing of such person or private or public body; or
(ii) the entering into of any contract by such person, private or public body;

*(f)* to receive grants and donations, issue debentures or debenture stock or otherwise to raise wholesale loans, as determined in the regulations, or borrow money, provided the amount owing at any time in respect of loans raised or moneys borrowed shall not, without the approval of the shareholders of the Bank, previously given at a meeting of those shareholders, at any time exceed the limitations set by regulation;

*(g)* to act as an agent or trustee, manager or secretary of any person, national or international private or public body, and to appoint any person to act on behalf of the Bank as a director or in any other capacity in relation to such person, private or public body, irrespective of whether or not such person carries on business within the region or elsewhere;

*(h)* to establish, within the region or elsewhere, any juristic person capable of exercising, performing or carrying out such powers, functions and duties as may or shall be exercised, performed or carried out by the Bank in terms of this Act, and to open offices within the region and elsewhere;

*(i)* to provide technical and other assistance and to give advice, information and guidance,

and, generally, to enter into any contract or perform any act, whether within the Republic, region or elsewhere, which may promote the attainment of any of the objects of the Bank, or which is designed to directly or indirectly enhance the value of the services which the Bank can render in relation to the development of the region.

**Management of affairs of Bank**

**5.** (1) Subject to the provisions of this Act—

*(a)* the shareholders shall exercise the overall authority but may delegate to the board all their powers, except the power to—
(i) issue or transfer shares;
(ii) appoint directors, as provided in section 7; and
(iii) approve the payment of dividends;

*(b)* the board shall control the business of the Bank and shall direct the operations of the Bank and may exercise all such powers of the Bank as are not in terms of this Act required to be exercised by the shareholders of the Bank at a meeting of shareholders; and

*(c)* the chief executive officer shall be the executive officer and legal representative of the Bank and shall be responsible for the management of the operations of the Bank.

(2) The powers of the board may be delegated to the chief executive officer who in turn may delegate such powers to the staff, committees or other structures of the Bank.

**Shareholder meetings**

**6.** (1) A shareholder shall have the right to attend a meeting of the shareholders, or to appoint a representative to attend such a meeting in the place of that shareholder.

(2) A shareholder shall have such number of votes with regard to any matter as may be determined in the regulations.

(3) While the Government of the Republic is the sole shareholder of shares in the Bank any resolution signed by the representative of the Government shall be deemed to be a resolution taken at a duly constituted meeting of shareholders.

koste verbonde aan regsverrigtinge of ten opsigte van enige verlies of skade wat voortspruit uit—

(i) die finansiering van sodanige persoon of private of openbare liggaam; of

(ii) die sluiting van enige kontrak deur sodanige persoon, private of openbare liggaam;

*(f)* om toekennings en donasies te ontvang, skuldbriewe of obligasies uit te reik, of om op 'n ander manier grootskaalse lenings, soos in die regulasies bepaal, aan te gaan of geld te leen, mits die bedrag wat op enige tydstip ten opsigte van lenings aangegaan of geld geleen, geskuld word, nie die perke wat by regulasie vasgestel is, sonder die goedkeuring van die aandeelhouers van die Bank, vooraf gegee op 'n vergadering van daardie aandeelhouers, oorskry nie;

*(g)* om as verteenwoordiger of trustee, bestuurder of sekretaris van enige persoon, nasionale of internasionale private of openbare liggaam op te tree, en om enige persoon aan te stel om ten behoewe van die Bank op te tree as 'n direkteur of in enige ander hoedanigheid met betrekking tot sodanige persoon, private of openbare liggaam, ongeag of sodanige persoon in die streek of elders sake doen al dan nie;

*(h)* om, in die streek of elders, enige regspersoon te stig wat in staat is om die bevoegdhede, werksaamhede en pligte wat deur die Bank ingevolge hierdie Wet uitgeoefen, verrig of uitgevoer kan of moet word, uit te oefen, te verrig of uit te voer, en om kantore in die streek en elders te open;

*(i)* om tegniese en ander bystand te verskaf en om advies, inligting en leiding te gee,

en, oor die algemeen, om enige kontrak te sluit of enige handeling te verrig hetsy binne die Republiek, streek of elders, wat die bereiking van enige van die oogmerke van die Bank kan bevorder, of wat direk of indirek daarop gemik is om die waarde van die dienste wat die Bank met betrekking tot die ontwikkeling van die streek kan verrig, te verhoog.

**Bestuur van sake van Bank**

**5.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet—

*(a)* moet die aandeelhouers die algehele gesag uitoefen, maar kan hulle aan die raad al hul bevoegdhede, behalwe die bevoegdheid om—

(i) aandele uit te reik en oor te dra;

(ii) direkteure, soos in artikel 7 bepaal, aan te stel; en

(iii) die betaling van dividende goed te keur,

kan delegeer;

*(b)* moet die raad die besigheid van die Bank beheer en die aktiwiteite van die Bank moet bestuur en kan die raad al die bevoegdhede van die Bank wat nie ingevolge hierdie Wet vereis word om deur die aandeelhouers van die Bank op 'n vergadering van aandeelhouers uitgeoefen te word nie, uitoefen; en

*(c)* is die hoof- uitvoerende beampte die uitvoerende beampte en regsverteenwoordiger van die Bank en is hy of sy verantwoordelik vir die bestuur van die handelinge van die Bank.

(2) Die bevoegdhede van die raad kan aan die hoof- uitvoerende beampte gedelegeer word wat op sy of haar beurt sodanige bevoegdhede aan die personeel, komitees of ander strukture van die Bank kan delegeer.

**Vergaderings van aandeelhouers**

**6.** (1) 'n Aandeelhouer het die reg om 'n vergadering van die aandeelhouers by te woon of om 'n verteenwoordiger aan te stel om so 'n vergadering in die plek van daardie aandeelhouer by te woon.

(2) 'n Aandeelhouer het met betrekking tot enige aangeleentheid die getal stemme wat in die regulasies bepaal word.

(3) Solank die Regering van die Republiek die enigste aandeelhouer van aandele in die Bank is, word enige besluit wat deur die verteenwoordiger van die Regering onderteken is, geag 'n besluit te wees wat op 'n behoorlik saamgestelde vergadering van aandeelhouers geneem is.

**Board of directors**

**7.** (1) The Board of Directors of the Bank shall consist of not fewer than ten and not more than fifteen directors: Provided that if at any time the number of directors holding office at any time falls below ten, the remaining directors shall manage the affairs of the Bank, until the vacancy or vacancies can be filled by the appointments by the Minister or the relevant shareholders, as the case may be.

(2) The directors of the Bank shall be appointed, in the manner determined in the regulations, by the Minister and the shareholders, as follows:

(*a*) The Minister shall be entitled to appoint the same proportion of the total number of directors as the number of shares held by the Government bears to the total number of shares issued; and

(*b*) the institutional or other shareholders shall be entitled to appoint the remaining number of directors, each in proportion to its holding in shares.

(3) Directors shall be appointed on the grounds of their ability and experience in relation to socio-economic development, development finance, business, finance, banking and administration.

(4) The chief executive officer, any executive manager or member of the staff of the Bank may be appointed as a director.

(5) The board shall, with the consent of the shareholders, elect one of its number as the chairperson of the board. The person so elected shall act as chairperson for as long as the board determines.

(6) No decision or act of the board, or act performed under the authority of the board, shall be invalid by reason only of the fact that a person who participated in the proceedings at the meetings in question was elected as a director by the institutional shareholders without the provisions of the regulations having been observed.

**Disqualification of directors**

**8.** No person shall be a director of the board if he or she—

(*a*) is disqualified to act as a director of a board of a company incorporated in terms of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973);

(*b*) is a member of any legislature or of an executive council in the Republic, or of a similar governmental institution in the region.

**Tenure and conditions of office of directors**

**9.** (1) A director shall hold office for a period of three years, but shall be eligible for reappointment.

(2) A director shall receive such service benefits, including the reimbursement of expenses in connection with travelling and subsistence, as may be prescribed by regulation.

**Committees of board**

**10.** (1) The board may establish such committees, consisting of directors, as it deems advisable.

(2) The board shall determine the functions of the committees and the procedure to be followed when the chairpersons of such committees are elected.

(3) Any person with expert knowledge of a function of a committee may be co-opted by such committee.

**Meetings**

**11.** (1) (*a*) The Minister, in the case of a shareholders' meeting, and, in the case of a board meeting, the chairperson, shall preside at the meeting in question.

(*b*) In the case of a board meeting, and provided a quorum is present, the members present may elect an acting chairperson to preside at that meeting, if the chairperson is not present. The acting chairperson shall at such meeting have all the powers and carry out all the duties of the chairperson.

(2) The Minister and the chairperson shall in the event of an equality of votes have a casting vote.

**Raad van direkteure**

**7.** (1) Die Raad van Direkteure van die Bank bestaan uit minstens tien en hoogstens vyftien direkteure: Met dien verstande dat indien die getal direkteure wat hul ampte beklee te eniger tyd tot minder as tien daal, die oorblywende direkteure die sake van die Bank moet bestuur totdat die vakature of vakatures deur aanstellings deur die Minister of die betrokke aandeelhouers, na gelang van die geval, gevul kan word.

(2) Die direkteure van die Bank word deur die Minister en die aandeelhouers op die wyse in die regulasies bepaal, aangestel soos volg:

*(a)* Die Minister is geregtig om dieselfde proporsie van die totale getal direkteure aan te stel as die getal aandele wat deur die Regering gehou word teenoor die totale getal uitgereikte aandele; en

*(b)* die institusionele of ander aandeelhouers is geregtig om die oorblywende getal direkteure aan te stel, elkeen in verhouding tot sy aandeelhouding.

(3) Direkteure moet aangestel word op grond van hul bekwaamheid en ondervinding met betrekking tot sosio-ekonomiese ontwikkeling, ontwikkelingsfinansies, besigheid, geldsake, bankwese en administrasie.

(4) Die hoof- uitvoerende beampte, enige uitvoerende bestuurder of lid van die personeel van die Bank kan as 'n direkteur aangestel word.

(5) Die raad moet, met die toestemming van die aandeelhouers, een uit sy geledere as die voorsitter van die raad kies. Die persoon wat aldus gekies is, tree vir solank as wat die raad bepaal as voorsitter op.

(6) Geen beslissing of handeling van die raad, of handeling verrig op gesag van die raad, is ongeldig nie bloot vanweë die feit dat iemand wat aan die verrigtinge op die betrokke vergaderings deelgeneem het deur die institusionele aandeelhouers as 'n direkteur gekies is sonder dat die bepalings van die regulasies nagekom is.

**Onbevoegdheid van direkteure**

**8.** Niemand mag 'n direkteur van die raad wees nie indien hy of sy—

*(a)* onbevoeg is om 'n direkteur van 'n raad van 'n maatskappy, ingelyf ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), te wees;

*(b)* 'n lid van 'n wetgewende liggaam of uitvoerende raad in die Republiek, of van 'n soortgelyke regeringsinstelling in die streek, is.

**Ampsduur en diensvoorwaardes van direkteure**

**9.** (1) 'n Direkteur beklee sy of haar amp vir 'n tydperk van drie jaar, maar kan weer aangestel word.

(2) 'n Direkteur ontvang die diensvoordele, met inbegrip van die vergoeding van uitgawes in verband met reis en verblyf wat by regulasie voorgeskryf word.

**Komitees van raad**

**10.** (1) Die raad kan die komitees, bestaande uit direkteure, wat hy raadsaam ag, instel.

(2) Die raad bepaal die werksaamhede van die komitees en die prosedure wat by die kies van die voorsitters van sodanige komitees gevolg moet word.

(3) Enige persoon met deskundige kennis van 'n werksaamheid van 'n komitee kan deur die komitee gekoöpteer word.

**Vergaderings**

**11.** (1) *(a)* Die Minister, in die geval van 'n vergadering van aandeelhouers, en, in die geval van 'n vergadering van die raad, die voorsitter, sit op die betrokke vergadering voor.

*(b)* In die geval van 'n vergadering van die raad en mits 'n kworum teenwoordig is, kan die lede wat teenwoordig is 'n waarnemende voorsitter kies om by daardie vergadering voor te sit indien die voorsitter nie aanwesig is nie. Die waarnemende voorsitter het by so 'n vergadering al die bevoegdhede van die voorsitter en moet al die voorsitter se pligte uitoefen.

(2) Die Minister en die voorsitter het 'n beslissende stem in die geval van 'n staking van stemme.

(3) The quorum for a meeting of shareholders shall be a majority of the shareholders, and the quorum for a meeting of the board shall be five directors.

(4) Subject to the provisions of subsection (2), the decision of—

*(a)* a majority of the shareholders shall be the decision of the shareholders; and

*(b)* the majority of the directors present at a meeting of the board shall be the decision of the board.

(5) The meetings referred to in this section shall be held and the business thereat shall be disposed of in accordance with the provisions of the regulations.

**Chief executive officer**

**12.** (1) The appointment of the chief executive officer shall be made by the shareholders, unless the authority to appoint the chief executive officer has been delegated to the board.

(2) If for any reason the chief executive officer is unable to act as chief executive officer for a period longer than two months, the board may appoint an acting chief executive officer to act during such inability, and the person so appointed shall, while so acting, have all the powers and shall carry out all the duties of the chief executive officer.

(3) If the chief executive officer has resigned, died or has been permanently disabled and is unable to act as such, the board shall appoint an acting chief executive officer to act as chief executive officer until the successor assumes office, and the person who has been so appointed shall, while so acting, have all the powers and shall carry out all the duties of the chief executive officer.

**Share capital**

**13.** (1) Subject to the provisions of subsection (5), the authorised share capital of the Bank shall be the amount of five thousand million rand which shall be divided into five hundred thousand ordinary shares having a par value of ten thousand rand each.

(2) Share certificates in respect of twenty thousand of the shares referred to in subsection (1) shall be issued to the Government of the Republic of South Africa as consideration for paid-up share capital to an amount of R200,000,000 in DBSA (1983) and the certificates so issued shall replace any certificate previously issued in respect of the shares in DBSA (1983).

(3) The shareholders shall subscribe to the balance of the authorised share capital when requested to do so by the board as provided in the regulations.

(4) The issued shares may be transferred by the Government of the Republic to any institutional shareholder.

(5) The board may from time to time, with the approval of the shareholders previously given at a meeting of shareholders, increase the share capital of the Bank to such extent as it may deem expedient, by the creation and issue of ordinary or preference shares, or shares of such other class as it may determine, which shares may be issued upon such terms and conditions as the board may determine, including conditions as to the voting rights which may be exercised by the holders thereof, in the case of preference shares, or that the holders thereof shall not be entitled to vote.

(6) An institutional shareholder shall not pledge or encumber any of the Bank's shares held by it if the aggregate of the shares so pledged or encumbered exceeds five per cent of the Bank's issued share capital.

(7) An institutional shareholder shall not transfer or assign any of its shares in the Bank to any other person if the aggregate of the shares which are transferred to such other person exceeds five per cent of the Bank's issued share capital.

**Expenditure**

**14.** Expenditure incurred by or on behalf of the board, including any amount owing in respect of the remuneration of the directors and personnel of the Bank, shall be defrayed from the funds of the Bank.

(3) Die kworum vir 'n vergadering van aandeelhouers is 'n meerderheid van die aandeelhouers, en die kworum vir 'n vergadering van die raad is vyf direkteure.

(4) Onderworpe aan die bepalings van subartikel (2) is die beslissing van—

*(a)* 'n meerderheid van die aandeelhouers die beslissing van die aandeelhouers; en

*(b)* die meerderheid van die direkteure wat op 'n vergadering van die raad teenwoordig is, die beslissing van die raad.

(5) Die vergaderings in hierdie artikel vermeld, moet gehou word en die sake daarop moet verrig word ooreenkomstig die bepalings van die regulasies.

**Hoof- uitvoerende beampte**

**12.** (1) Die aanstelling van die hoof- uitvoerende beampte word deur die aandeelhouers gedoen tensy die bevoegdheid om die hoof- uitvoerende beampte aan te stel, aan die raad gedelegeer is.

(2) Indien die hoof- uitvoerende beampte vir 'n tydperk van meer as twee maande nie in staat is om as hoof- uitvoerende beampte op te tree nie, kan die raad 'n waarnemende hoof- uitvoerende beampte aanstel om gedurende sodanige onvermoë op te tree, en die persoon wat aldus aangestel is, het terwyl hy of sy aldus optree, al die bevoegdhede en moet al die pligte verrig van die hoof- uitvoerende beampte.

(3) Indien die hoof- uitvoerende beampte bedank het of te sterwe gekom het of permanent ongeskik geraak het en nie in staat is om as sodanig op te tree nie, moet die raad 'n waarnemende hoof- uitvoerende beampte aanstel om as hoof- uitvoerende beampte op te tree totdat die opvolger die amp aanvaar, en die persoon wat aldus aangestel is, het terwyl hy of sy aldus waarneem, al die bevoegdhede en moet al die pligte verrig van die hoof- uitvoerende beampte.

**Aandelekapitaal**

**13.** (1) Onderworpe aan die bepalings van subartikel (5) is die gemagtigde aandelekapitaal van die Bank die bedrag van vyfduisendmiljoen rand wat verdeel word in vyfhonderdduisend gewone aandele met 'n pariwaarde van tienduisend rand elk.

(2) Aandelesertifikate ten opsigte van twintigduisend van die aandele in subartikel (1) bedoel, moet aan die Regering van die Republiek van Suid-Afrika uitgereik word as teenprestasie vir opbetaalde aandelekapitaal ten bedrae van R200,000,000 in OBSA (1983) en die sertifikate aldus uitgereik, vervang enige sertifikaat wat voorheen ten opsigte van die aandele in OBSA (1983) uitgereik is.

(3) Die aandeelhouers moet die balans van die gemagtigde aandelekapitaal inskryf wanneer hulle deur die raad, soos in die regulasies bepaal, daartoe versoek word.

(4) Die uitgereikte aandele kan deur die Regering van die Republiek aan enige institusionele aandeelhouer oorgedra word.

(5) Die raad kan van tyd tot tyd, met die goedkeuring van die aandeelhouers vooraf verleen op 'n vergadering van aandeelhouers, die aandelekapitaal van die Bank in die mate wat hy goedvind, verhoog deur die skepping en uitreiking van gewone of preferente aandele of aandele van sodanige ander klas wat hy bepaal, welke aandele uitgereik kan word op die bedinge en voorwaardes wat die raad bepaal, met inbegrip van voorwaardes met betrekking tot die stemregte wat uitgeoefen kan word deur die houers daarvan, in die geval van preferente aandele, of dat die houers daarvan nie geregtig sal wees om te stem nie.

(6) 'n Institusionele aandeelhouer mag nie enige van die aandele in die Bank wat deur hom gehou word, verpand of beswaar nie indien die totaal van die aandele wat aldus verpand of beswaar is vyf persent van die Bank se uitgereikte kapitaal oorskry.

(7) 'n Institusionele aandeelhouer mag nie enige van sy aandele in die Bank aan enige ander persoon oordra of afstaan nie indien die totaal van die aandele wat aan daardie ander persoon oorgedra word vyf persent van die Bank se uitgereikte aandelekapitaal oorskry.

**Uitgawes**

**14.** Uitgawes wat deur of ten behoewe van die raad aangegaan word, met inbegrip van enige bedrag verskuldig ten opsigte van die salaris van die direkteure en personeel van die Bank, word uit die fondse van die Bank bestry.

**Dividends**

**15.** The declaration of dividends shall be authorised by the board and shall be approved by the shareholders.

**Accounts and audit**

**16.** (1) The board shall cause proper books of account to be kept, and shall also cause to be kept all necessary books and records in relation thereto.

(2) An annual report on the financial status and the achievement of the objects of the Bank shall be published by the board.

(3) The books of account of the Bank shall be audited by a person registered in terms of section 15 of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1991 (Act No. 80 of 1991).

**Regulations**

**17.** The Minister may at the request of the shareholders or the board make regulations as to—

*(a)* the election of directors;

*(b)* the conditions of appointment of directors and the circumstances in which a director shall vacate the office of director;

*(c)* meetings of the board and the procedure thereat, including the minutes to be kept of such meetings;

*(d)* the taking of decisions by shareholders and directors without holding a meeting;

*(e)* the meetings of shareholders, the matters to be dealt with and the procedures to be followed thereat, including the minutes to be kept thereof;

*(f)* the annual submission of a balance sheet and accounts to a meeting of shareholders;

*(g)* the appointment of officers of the Bank;

*(h)* the determination of the national territories which constitute the region; and

*(i)* such other matters as are necessary or useful to be prescribed for the achievement of the objectives of this Act.

**Transitional arrangements**

**18.** Notwithstanding anything to the contrary contained in section 7—

*(a)* the shareholders of the Bank shall not later than six months after the effective date hold a meeting for the purpose of appointing a new board of directors of the Bank;

*(b)* unless a director is reappointed at the meeting referred to in paragraph *(a)*, every director of DBSA (1983) shall cease to hold his or her office six months after the effective date or upon the appointment of a successor at that meeting, whichever occurs earlier,

and the provisions of section 11 shall apply *mutatis mutandis* to the convening and conduct of that meeting of shareholders and the appointment of directors at that meeting.

**Winding up of Bank**

**19.** The Bank shall not be wound up except in terms of an Act of Parliament.

**Use of name of Bank**

**20.** No person, association, corporation or other statutory body or company shall carry on business or be registered under an Act of Parliament, with a name identical to that of the Bank, or so nearly resembling the name of the Bank as to deceive.

**Application to Bank of Companies Act, 1973, and Banks Act, 1990**

**21.** (1) *(a)* The Bank shall, subject to the provisions of paragraph *(b)*, be exempt from the provisions of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973).

**Dividende**

**15.** Die verklaring van die dividende moet deur die raad gemagtig en deur die aandeelhouers goedgekeur word.

**Rekeninge en oudit**

**16.** (1) Die raad moet behoorlike rekeningkundige rekords laat hou, en moet ook al die vereiste boeke en rekords met betrekking daartoe laat hou.

(2) 'n Jaarlikse verslag oor die finansiële stand en die bereiking van die oogmerke van die Bank moet deur die raad gepubliseer word.

(3) Die rekeningkundige rekords van die Bank moet deur 'n persoon wat ingevolge artikel 15 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991), geregistreer is, geouditeer word.

**Regulasies**

**17.** Die Minister moet op versoek van die aandeelhouers of die raad regulasies uitvaardig betreffende—

*(a)* die verkiesing van direkteure;
*(b)* die aanstellingsvoorwaardes van direkteure en die omstandighede waaronder 'n direkteur die amp van direkteur moet ontruim;
*(c)* vergaderings van die raad en die prosedure daarby, met inbegrip van die notule wat van daardie vergaderings gehou moet word;
*(d)* die neem van besluite deur aandeelhouers en direkteure sonder dat 'n vergadering gehou word;
*(e)* die vergaderings van aandeelhouers, die aangeleenthede wat daarop behandel en die prosedure wat daarby gevolg moet word, met inbegrip van die notule wat daarvan gehou moet word;
*(f)* die jaarlikse voorlegging aan 'n vergadering van aandeelhouers van 'n balansstaat en rekeninge;
*(g)* die aanstelling van beamptes van die Bank;
*(h)* die bepaling van die nasionale gebiede wat die streek uitmaak; en
*(i)* die ander aangeleenthede wat nodig is of nuttig mag wees om voor te skryf vir die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet.

**Oorgangsreëlings**

**18.** Ondanks enige andersluidende bepaling in artikel 7 vervat—

*(a)* moet die aandeelhouers van die Bank nie later nie as ses maande na die effektiewe datum 'n vergadering hou ten einde 'n nuwe raad van direkteure van die Bank aan te stel;
*(b)* tensy 'n direkteur op 'n vergadering vermeld in paragraaf *(a)* heraangestel word, hou elke direkteur van OBSA (1983) op om sy of haar amp te beklee ses maande na die effektiewe datum of by die aanstelling van 'n opvolger op daardie vergadering, watter ook al eerste geskied,

en die bepalings van artikel 11 is *mutatis mutandis* van toepassing op die byeenroeping en hou van daardie vergadering van aandeelhouers en die aanstelling van direkteure op daardie vergadering.

**Likwidasie van Bank**

**19.** Die Bank word nie gelikwideer nie, behalwe ingevolge 'n Wet van die Parlement.

**Gebruik van naam van Bank**

**20.** Geen persoon, vereniging, korporasie of ander statutêre liggaam of maatskappy mag besigheid dryf of kragtens 'n Wet van die Parlement geregistreer word onder 'n naam wat identies is aan dié van die Bank, of wat so nou met die naam van die Bank ooreenstem dat dit mislei nie.

**Toepassing op Bank van Maatskappywet, 1973, en Bankwet, 1990**

**21.** (1) *(a)* Die Bank is, behoudens die bepalings van paragraaf *(b)*, vrygestel van die bepalings van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973).

(*b*) The Minister may by notice in the *Gazette* apply any provision of the Companies Act, 1973, the Banks Act, 1990, or such other law to the Bank, in so far as such provision is not inconsistent with the provisions of this Act, with such modifications as the Minister may deem fit and may specify in that notice, and may withdraw or amend any such notice.

**Short title**

**22.** This Act shall be called the Development Bank of Southern Africa Act, 1997.

*(b)* Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige bepaling van die Maatskappywet, 1973, die Bankwet, 1990, of sodanige ander wet op die Bank van toepassing maak in soverre sodanige bepaling nie onbestaanbaar is met die bepalings van hierdie Wet nie, met die veranderinge wat die Minister goedvind en in daardie kennisgewing vermeld, en kan enige sodanige kennisgewing intrek of wysig.

**Kort titel**

**22.** Hierdie Wet heet die Wet op die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, 1997.

PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—7000
GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—7000